



## N.G. Gemeente Vaalpark

### Gebedsbulletin no 8

19 Februarie 2023

### 'n Christus Gesentreerde Lewe (2)

#### Moenie godsdiensgesentreerd wees nie

Die Fariseërs in Jesus tyd was godsdiensgesentreerd. Hulle het die Wet geëet, geslaap en gedrink. Hulle kon reels, kodes en verordeninge net so vining aanhaal as wat 'n kind die alphabet kan opsê, maar Jesus het harde woorde vir hulle gehad. Hulle was wetgesentreerd, en nie liefdegesentreerd nie, en dit het 'n groot verskil gemaak (Matt 23:25); Luk 11:42). 'n Godsdiensgesentreerde lewe streef na superioriteit, aansien, en verering wat op prestasie gegrond is. Dit hou boek en beoordeel ander volgens selfgemaakte standarde. 'n Christusgesentreerde lewe rus in die voltooide werk van Christus en smag na heiligheid as 'n manier om naby aan Hom te leef (Hebr 12:14). Die geheim van 'n Christus-gesentreerde lewe is om die begrip, "die vrees van die Here" te verstaan (Ps 19:10; Spr 16:6). Die vrees van die Here is om voortdurend daarvan bewus te wees dat ons liefdevolle Hemelse Vader alles sien en evalueer wat ons dink, sê of doen. Diegene wat 'n Christus-gesentreerde lewe lei, het 'n bewustheid van die tasbare teenwoordigheid van Jesus ontwikkel (Matt 28:20). Hulle neem besluite gebaseer op die vraag: "Sou die Here dit goesdkeur?" Hulle vermy satan se strikke en om met die wêrelد verstrengel te raak omdat hulle keuses versigtig evalueer: "As Jesus die dag saam met my bestee, sal ek dit doen? Sal ek hierna kyk? Sal ek dit sê?" (1 Tim 3:7; Ef 6:11). Elke besluit oor lewensstyl word op die Hemel se skaal geweeg en geëvalueer vir sy ewigheidswaarde. Daar word afstand gedoen wat nie aan God se standarde voldoen nie, want dit steel die tyd, hulpbronne en energie wat aan die ware passie van die Christen se lewe gewy kan word – om Jesus te behaag. Om in die vrees van die Here te leef, vereis 'n bewuste, voortdurende toewyding om só te leef, en selfs die mees toegewyde Christen misluk soms.

#### Die proses van heiligmaking

Niemand het nog ooit 'n volmaakte lewe geleef, behalwe Jesus Christus nie (Hebr 4:15). Selfs diegene wat 'n diep begeerte het om 'n Christus-gesentreerde lewe te leef, sal in oomblikke van swakheid struikel, val, sondig en vleeslike besluite neem (1 Joh 1:8-10). Hierdie proses om in voortdurende harmonie met God te leef, word heiligmaking genoem. Dit is 'n lewenslange proses waardeur God ons meer en meer soos Jesus maak (Rom 8:29; Hebr 0:14). As jou hart eers op Hom gefokus is, volg jou dade spoedig. Onthou, dis nie ons eie pogings wat verandering in ons lewens bring nie, maar die Heilige Gees wat die heiligmaking in ons bewerk. Het jy 'n begeerte in jou hart en is Hy welkom in jou lewe om deur Hom verander te word na die beeld van Christus? Sela.

Dankie!

- Dat ons in Christus, 'n Christus-gesentreerde lewe kan leef!
- Vir die Heilige Gees wat heiligmaking in ons bewerk!
- Vir die hoop wat ons het in Christus, vir ons gesinne, gemeenskap en ons land!

## **Gemeente en algemene voorbidding:**

- Vir ons predikante en hulle gesinne.
- Vir ‘n geestelike ontwaking in die Kerk, verlossing van ongereddes en sosiale geregtigheid. Vir eenheid, herlewing en transformasie in SA.
- Vir die opbou en toerus van God se kinders om God se hart aan stukkende en verlore mense te openbaar.
- Vir God se Koninkryk en Sy wil om in SA te geskied.
- Vir die ekonomie, mense wat hulle werk verloor het en werkskepping.
- Dat ons ‘n biddende gemeente sal wees, met ‘n hart van gebed soos Jesus.
- Vir ons huwelike en gesinne. Vir versoening, herstel en genesing van verhoudings.
- Kom ons bid met Sy Koninkryksvisie en -misie in ons harte vir ons land. Kom ons belyn ons harte met God se hart.
- Vir ons jeug in skole en studente – dat hulle ook God se hart vir hulle sal ontdek.
- Vir die Eskom krisis..

## **Gebedsversoeke**

- |                          |                     |
|--------------------------|---------------------|
| • Lottie Conradie        | Lola Vijoen         |
| • Maria Steyn            | Ria Putter          |
| • Oom Sampie Swart       | Jeanette Mostert    |
| • Jaco Steenkamp         | Louis Strauss       |
| • Tannie Marinda Jordaan | Heleen J van Vuuren |
| • Ina van der Merwe      | Stefaans du Plessis |
| • Annika Killian         | Adolf Wolmarans     |
| • Petro Schneider        |                     |
| • Oom Eberhard Carshagen |                     |

## **Gedagte vir die week**

**‘n Christus-gesentreede persoon kan nie verduur om nie eenheid met God te ervar nie.**

Gebedsversoeke:

Ds Deon 083 288 7555 of Kerkkantoor  
N.G. Kerk Vaalpark se webtuiste: [ngvaalpark.org](http://ngvaalpark.org)